



SOOS FAMILIE: STEDELIKE HUISWERKERS IN SUID-AFRIKAANSE TEKSTE - RESENSIE

Author:

Ena Jansen

ISBN:

978 1 86919 953 1

Publisher:Protea Boekhuis: Pretoria.
2015. Slapband. 574 pp.**Postal address:**100 North Road, Stoke
Gifford, Bristol BS34 8PE,
United Kingdom**Book Title:**Soos Familie: Stedelike
huiswerkers in Suid-
Afrikaanse tekste**Book Cover:****Review Title:**Soos Familie: Stedelike
huiswerkers in Suid-
Afrikaanse tekste - Resensie**Reviewer**

Annette Combrink

Affiliation:¹ Research associate,
Department Languages
and Literature, North West
University.**Email:**annette.combrink@nwu.
ac.za

Prof. Ena Jansen het letterkunde aandie Universiteit van Stellenbosch en Utrecht bestudeer, en haar PhD aan die Universiteit van die Watwatersrand behaal. Sy het diep spore getrap in die geleedere van literêre akademici in Suid-Afrika voordat sy verhuis het en tans in Amsterdam woon, waar sy 'n leerstoel vir Suid-Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam (UVA) beklee.

In die skrywe van die Protea Boekhuis wat die boek bekendstel, word gestel dat “vanweë hulle posisie in die kontakgebied tussen ‘ras’ en klas is huiswerkers perfek geposisioneer om die belangrikste tolke tussen ryk en arm, stad en platteland, werknemers en werkgewers” te wees. Binne die Suid-Afrikaanse letterkunde word hierdie verhouding telkemale ondersoek en vanuit 'n wye reeks invalshoeke voorgestel en ontleed. Volgens die skrywe is “die indiensneming van bediendes en alles wat daarmee saamhang een van die oudste praktyke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, miskien selfs 'n historiese konstante wat alle ander veranderinge oorleef het”.

In haar dankwoord vooraf sê Ena Jansen inderdaad dan ook “van kleintyd af was daar ‘soos familie’-huiswerkers in die omgewing waar ek grootgeword het”, en dra dan ook die boek op an Nomahope Cecilia Magadlela, wat al vir 25 jaar betrokke is in haar lewe.

Die skrywer stel voorts dat “my fassinasie met die sewentiende-eeuse Krotoa-Eva wat van kindermesie tot tolk uitgegroeï het en die bemiddelende rol wat sy in die komplekse Kaapse samelewing gespeel het het my teoretiese belangstelling in die huiswerkers as kontakfigure gewek”, en sy het wydoopende navorsing gedoen oor die uitbeelding van die huiswerker binne die konteks van stadsboeke in die Suid-Afrikaanse letterkunde.

Soos familie is 'n verkenning van die rol en betekenis van ongeveer 'n honderd huisbediendekarakters in stadsboeke uit 'n groot deel van die twintigste eeu en daarna – weliswaar teen die agtergrond van sosiologiese gegewens, maar veral ook met die voortdurende besef dat tekste die mag het om in te werk op die werklikheid. Soos familie wil daarom spesifiek stilstaan by wat in die literatuur geskryf is oor vroue met so 'n besonder ambivalente rol in die Suid-Afrikaanse samelewing. Vroue soos Flora oor wie Elsa Joubert skryf in *Agterplaas*”

Sy is nader aan my as 'n suster, ken my intieme lewe op 'n dieper

Vlak as wat 'n suster my sou ken.

Maar ek ken haar nie (33)

Belangrike teoretiese vraagstukke word ondersoek – een voorbeeld is die vraag wat dikwels gevra word, naamlik “mag 'n wit skrywer 'n swart huiswerker beskryf en aan die woord stel”? Dit is nogal 'n vraag wat dikwels figureer in die postkoloniale konteks. 'n Saak wat nogal aandag kry is die (nie)-veranderende rol van die huiswerker binne die stedelike konteks, en die soms snydende sosiale kommentaar wat voortvloei uit die spotprentreeks *Madam and Eve* eggo ook hier. Mens moet ook onthou dat hierdie verhale almal uit die stedelike konteks kom, en dat die aangrypende Agaat van Marlene van Niekerk dus nie hier onder die loep kom nie.

Die hoofstukke volg histories en tematies op mekaar, vanaf die vroeë slavinne en VOC-meisies, wat die voorlopers was van die huisbediendekultuur, deur migrante-vroue en huiswerk in die stad. Blanke huiswerker en witmeisies word ook bekendgestel – enhieroor berig Huisgenoot in 1931 dat: “Ten eerste kan die blanke diensmeisie nie onder die kombuistafel op 'n sak slaap nie; daar moet vir haar 'n behoorlik-ingerigte aantreklike kamertjie beskikbaar gestel word”. Daar is 'n hele hoofstuk oor huiswerkers en werkgewers met outobiografiese vertellings en uit



**How to cite this article:**

Combrink, A., 2015. "Boek resensie: Soos Familie. Stedelike huiswerkers in Suid-Afrikaanse tekste. Ena Jansen. Protea Boekhuis: Pretoria. 2015. Slapband. 574 pp. ISBN: 978 1 86919 953 1.". KOERS — Bulletin for Christian Scholarship, 80(2). Available at: <http://dx.doi.org/10.19108/KOERS.80.2.2233>

Copyright:

© 2015. The Author(s).
Published under the
Creative Commons
Attribution License.

die vroeë roman Thula Baba (1987) is die eerste persoonverteller aan die woord:

I tried to tell my madam my baby was hungry. But she wasn't listening to me. She wasn't thinking about me or Lindiwe. She didn't even look at us. She was thinking only of the supper I was cooking.

In die meer tematiese gedeeltes is daar sensitiewe dog reguit beskrywings oor huiswerkers en kinders huiswerkers en seksualiteit en dan ook huiswerkers ten tye van politieke onrus. Elkeen van hierdie hoofstukke resoneer baie hard en duidelik met ervaringe van wit Suid-Afrikaners, en die hoofstuk oor huiswerkers in postapartheidromans deur wit skrywers is veral fassinerend. Die motto by hoofstuk is veral toepaslik as dit praat oor "the figure of the servant takes us inside history, but also inside ourselves (Alison Light, *Mrs Woolf and the Servants*, 2007).

Die boek bevat besonder treffende illustrasies, van foto's tot grepe uit spotprente – wat besondere sosiaal-kulturele kommentaar lewer.

Om saam te vat – studie is uiters deeglik gedoen en met groot akademiese verantwoordelikheid voorsien van verwysings wat dit 'n baie belangrike bydrae maak tot die optekening van die Suid-Afrikaanse literêre geskiedenis. Dit doen egter glad nie afbreuk aan die leesbaarheid van die boek nie – mens word meegesleur deur die vertellings, en vir enigemand wat in Suid-Afrika grootgeword het is verhaale meer as bekend.

Ter afsluiting: Met hierdie literatuur-sosiologiese ondersoek na een oorkoepelende aspek van die Suid-Afrikaanse letterkunde lewer Ena Jansen 'n waardevolle bydrae tot die kleinerwordende gepubliseerde akademiese diskoers in Afrikaans.

